

# VLINDERS WAT BLY SIT!



**BENODIGDHEDE:** 200 g Fiesta Double Crêpe; een paar elk breinaalde van 3,25 mm en 4 mm; 7 vlinders wat van lint gemaak is.

**MATE:** Om borsmaat van 71 cm te pas.

**SPANNING:** 23 ste en 28 rye = 10 x 10 cm.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; vermin - verminder; st(e) - steek (steke); tes - tesame; vlg - volgende; herh - herhaal; alt - alternatiewe; weersk - weerskante; RK - regte kant; VK - verkeerde kant; rg - regsgewys; gl - glip; awg - aweregs-gewys; rif - ruffelsteek (= een regs,

een aweregs); grtgo - glip een steek, brei een steek regs, trek glipsteek oor.

**Gaatjiesboordjie:** 1e ry: r.

2e ry: aw.

3e ry: aw 3, grtgo, m 1, r2 tes, m 1.

4e ry: r.

5e ry: aw.

**Strikkiepatroon:** Word gebrei oor 'n veelvoud van 10 ste plus 2 ste vir rand.

1e en 3e ry: 1 st vir rand; \* r 5, gl 5 ste awg \*; 1 rand-st.

2e ry: 1 rand-st; \* gl 5 ste rg, aw 5 \*; 1 rand-st.

4e ry: 1 rand-st; \* aw 2, gebruik linkernaald om die glipsteke van 3 vorige rye op te tel,

**Brei vlinders in die truitjie in, en werk lintvlinders op die skouer vas om dit ekstra spesiaal te maak**

vanaf boonste na onderste ry, brei dit aw tesame met die eerste steek van linkernaald, aw 7 \*; 1 rand-st.

5e en 7e ry: r.

6e en 8e ry: aw.

Herh vanaf 1e ry, maar verskuif die motief telkens 5 ste, d.w.s. brei die 9e ry só: 1 rand-st; \* gl 5 ste awg, r 5 \*; 1 rand-st.

**AGTERPANT:** Met 3,25-mm-breinaalde stel 81 ste op en brei 4 cm rif. Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 22 cm strikkiepatroon.

**Mousgatvorming:** Heg 5 ste af aan weersk van vlg 2 rye, vermin daarna 2 ste aan weersk in 2 daaropvlg alt rye, daarna 1 st in 2 daaropvlg alt rye aan weersk.

Wanneer werk 41 cm lank is, word al 59 ste in een ry afgeheg.

**VOORPANT:** Soos agterpant tot werk 35 cm lank is.

**Halsvorming:** Heg die middelste 17 ste af en brei die twee kante afsonderlik.

Vermin in alt rye: 3 ste, daarna 3 ste, 3 ste, 2 ste, dan nog 2 keer 1 st.

Brei voort tot werk 41 cm lank is en heg die skouer in 2 stappe af, eers 6 ste, daarna 5 ste.

**MOUE:** Met 3,25-mm-breinaalde stel 55 ste op en brei 2 rye rif. Brei die 5 rye vir gaatjiesboordjie en dan nog 2 rye rif.

Slaan oor na 4-mm-breinaalde en brei 5 cm strikkiepatroon.

**Moukopvorming:** Heg 5 ste af aan weersk van vlg ry, vermin daarna 1 st aan weersk in vlg 2 rye, daarna 1 st in daaropvlg alt ry 8 keer.

Vermin dan 2 ste elke alt ry 4 keer. Heg oorbl ste af.

**AFWERKING:** Werk skouernate toe. Tel 70 ste rondom halsrand op en brei soos mouboordjie. Heg af.

Werk synate toe. Werk mounate toe en werk moue in posisie vas.

Draai 2 koordjies van ongeveer 30 cm elk en een van 40 cm. Ryg kort koordjies deur mouboordjies en langer koord deur halsboordjie.

Werk die 7 lintvlinders elk met 'n paar steke in middel aan trui vas.